

Kix-pirasie

Sending

Dink aan 'n paar gunsteling speelgoedkarakters uit jou kinderdae, of jou eie kind s'n. Elke teddiebeer of pop het tog hul eie storie en persoonlikheid gehad. Die gehawende teddiebeertjie het dalk al 'n oog verloor, terwyl die Barbie-pop dalk heeltemal te veel van haarself gedink het! Verbeel jou nou dat jy met hulle 'n gesprek aanknoop, met die doel om oor Jesus te gesels. Waar sou jy begin? Wat sou jy sê?

Lees Jona 1:1-3.



Jona weier om Nineve toe te gaan. Hoekom weier hy? Die Assiriërs is hul vyande; Hy wil nie vir hulle gaan preek nie. Hy is ook nie gewillig en bereid of lus om "sy" God met heidene te deel nie. Hy voel die Israeliete het alleenreg op God.

In die laaste hoofstuk sê Jona hy het geweet dit gaan gebeur dat God Nineve sal spaar omdat Hy so vol genade en lankmoedig is. Dis hoekom hy in die eerste plek nie wou gaan nie. God sê Hy is so vol genade en lankmoedig dat Hy enigene spaar wat in opregte berou na Hom draai en in vergifnis leef.

Jona hou nie van die idee dat God heidene begenadig en tweede kans gee nie.

Gelukkig hang mense se redding nie van hulself af nie.

Dit kan soms 'n tamentele wees om sendingwerk te doen en ander mense van God te gaan vertel. Net soos Jona wil ons nie altyd "ons God" met almal deel nie.

Luister na Louis Brittz se liedjie "Gaan na jou buurt" (<https://www.youtube.com/watch?v=KRN0GIMLvhg>). In die eerste twee verse hoor ons Moses en Jona se besware hoekom God hulle nie kan stuur nie. In die derde vers sê die gewone outjie reguit hy is te jonk, hy is 'n introvert en 'n "nerd". God kan hom nie stuur nie. Dis alles goeie redes. Hoekom sal hy sy "comfort zone" verlaat om te gaan sendingwerk doen? Dis nie eers China nie, maar reg voor sy deur, anderkant die draad en op die skoolgrond waar almal seker al van die Here gehoor het?



Ja, almal het seker al gehoor, maar weet hulle van God se liefde, sy vergifnis, genade, lankmoedigheid, rus, voorspoed en sy seën?

Is jy bereid om dit te gaan deel met die mense rondom jou by die werk, langs die pad, by die kafee op die hoek en in die "mall"? Is jy bereid om dit selfs te deel met mense wat jou magteloos laat voel, wat jou laat kook van woede of wat jou vrede steel?

Is ons bereid om God te deel? Gelowiges het 'n lang pad gekom sedert Jona oor Nineve gebrom het. Hudson Taylor, Jim Elliot en ds. Johan Botha was almal manne van woord en daad wat Jesus se opdrag uitgevoer het: "Gaan maak dissipels van al die nasies."

Is sending nie om te gaan en God te deel nie? Ons moet sy liefde, vergifnis, genade, lankmoedigheid, rus en seën deel.

